**Die Here Jesus was die voete van die dissipels**

**Joh 13:1-17**

**21 September 2025**

1. Vantevore: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word" – 6 doelwitte met hierdie verheerliking: (1) Lei tot groot vrug, (2) Lei tot verheerliking van die Vader, (3) Lei tot begin van oordeel, (4) Lei tot uitdryf van die duiwel, (5) Lei tot verdere verhoging van die Seun tot Hy aan God se regterhand sit, (6) Lei tot trek van alle mense (Jode, Grieke, en van alle stamme, tale en nasies) na die Here Jesus.
2. Joh 13-17: Fokus op onderrig van die dissipels in bovertrek. Begin met 'n teken (voetwassing), dan lering, en dan die Here Jesus se Hoëpriesterlike gebed
3. Die liefde van die Here Jesus (Joh 13:1)
    a. Die Here Jesus was bewus dat die uur gekom het – Hy fokus nou op "Sy eie mense", d.i. die dissipels, nie die Jode nie (vgl Joh 1:11)
    b. Het Sy eie mense lief tot die einde toe
        - Kan tydsaanduiding wees – tot alles afgehandel is
        - Kan ook liefde tot die uiterste toe wees (vgl 1983 NAV en NIV) – daarom is Hy bereid om lydenspad te loop, en wil Hy hulle nog 'n laaste keer leer
4. Die Here Jesus was die voete van die dissipels (Joh 13:2-11)
    a. Aandete = ete op aand voor kruisiging (v2)
    b. Judas Iskariot ook teenwoordig (v2)
        - Al het die Here Jesus geweet die Vader het alles in Sy hand gegee (v3), tree Hy (nog) nie op teen Judas Iskariot op nie
    c. Die Here Jesus was die voete van die dissipels (v4-5)
        - "Daarom" – Want Hy het geweet v3 is waar, verstaan hoe alles inpas
    d. Waarskynlik het voetwassing gevolg op stryery oor wie belangrikste is (vgl Luk 22:24)
    e. Petrus: Eers nie, toe wel – en dan sommer hande en kop ook (v6)
    f. Vers 10: Twee moontlikhede uit betroubare manuskripte:
        - Iemand wat gebad is, hoef nie gewas te word nie, want hy is reeds skoon
            - Regverdigmaking = skoon gewas in bloed van Jesus – alleen vir die wat glo (vgl brandofferaltaar en waskom). Eenmalige gebeurtenis
        - Iemand wat gebad is, het net nodig dat sy voete gewas moet word, want hy is reeds skoon
            - Heiligmaking = regverdiges sondig steeds (is gebad en skoon, maar voete word weer vuil) – moet vra vir vergifnis van sondes na regverdigmaking
    g. Judas Iskariot se voete is gewas – dit was oneffektief omdat hy nie geglo het nie (voetwassing maak nie regverdig nie, bloot simbolies)
5. Die oproep dat die dissipels mekaar se voete moet was (Joh 13:12-17)
    a. Die Here Jesus is Heer en Leermeester, en tog ook Dienskneg/Slaaf wat dissipels se voete was (vgl Jes 53:11, Fil 2:7-8)
    b. Daarom kan Hy van dissipels verwag om mekaar se voete te was
    c. Boonop is Hy hulle Eienaar, en hulle is "Sy eie mense"
    d. Hulle moet die Here Jesus navolg:
        - In Sy uiterste liefde vir Sy eie – hulle moet mekaar liefhê
        - Sy insig in hoe alles inmekaar pas – hulle moet mekaar leer